



South African Wood Preservers Association

Geagte Lede

VORDERING MET HERSIENING VAN STANDAARDE

Die lang verwagte Konsep Suid-Afrikaanse Standaard (DSS) van SANS 1288 ed4 is op 12 Desember 2019 in die staatskoerant gepubliseer vir 'n 60 dae publiekekommentaarperiode wat op 12 Februarie sluit. Indien geen kommentaar teen die sluitingsdatum van die publiek ontvang word nie, sal die standaard hopelik teen die einde van die eerste kwartaal, of vroeg in die tweede kwartaal gepubliseer word.

SANS 10005 ed9 is reeds deur die DSS proses, en wag nou vir goedkeuring en publikasie. Sodra die twee standaarde gepubliseer is, sal elektroniese kopieë van alle relevante hersiene standaarde, insluitend SANS 457- 2&3, SANS 753 en SANS 754 aan SAWPA klas 1-lede versprei word. Soos voorheen bekend gemaak, word dit onder 'n lisensieooreenkoms met kopieregbeperkings, tussen SAWPA en die SABS gedoen. Daar sal geen addisionele koste vir lede wees nie.

BEWUSMAKINGSVELDTOG OOR ONWETTIGE HOUTBEHANDELING

Lede mag dalk die bewusmakingsveldtog opgemerk het wat SAWPA sedert einde November en weer middel Januarie op Facebook geloods het. Tans is daar twee plasings wat hardloop en min of meer dieselfde boodskap oordra, maar met 'n klein verskil t.o.v. visuele uitbeelding (sien aangeheg). Die plasings onderskei tussen goed en korrek behandelde hout teenoor onwettige behandelde hout, met gepaardgaande teks om die agtergrond van die probleem te skets, en verwysing en skakels na verdere inligting op die SAWPA webtuiste. Sedert veldtog begin is het die plasings al oor die 130K mense bereik, met oor die 10K wat op die skakel gereageer het, hetsy met hou van, delings, of kommentaar.

Die volledige plasings kan beskou word op ons Facebook blad <https://www.facebook.com/SAWPA-South-African-Wood-Preservers-Association-804121316426548/> en u word versoek om dit te deel, daarvan te hou en kommentaar lewer.

Lede word ook herinner aan die inligtingblaadjies wat in verskillende tale geproduseer is en beskikbaar is by SAWPA vir verspreiding. Indien u van die blaadjies wil hê kan u vir Judy kontak by admin@sawpa.co en aandui wat u taalvoorkeure is, i.e. Engels, Zulu, Xhosa, Venda of Sepedi. Die inligtingsblaadjie is ook beskikbaar by <https://sawpa.co.za/wood-preservation-and-the-law> waar daar ook 'n ander inligtingstuk is wat die toepaslike wetlike vereistes t.o.v. behandelde hout verduidelik.

NUUTSTE ONTWIKKELING OOR LOONVERHOOGINGS

Onlangse verslaggewing rondom die 5% verhoging deur die NML-Kommissie, en dat dit deur die unies, wat 12.5% vereis, verwerp is, is nie feitelik akkuraat nie. Dit volgens die hoof van AGRI SA se Arbeid en Ontwikkelings eenheid, en lid van die NML-Kommissie, wát as volg gerapporteer het:

“Hierdie opdatering moet saam met die vorige NML opdatering gelees word, en vervang nie die inhoud van die vorige opdatering nie. Sekere media-uitsprake deur vakbond-konfederasies wat verteenwoordiging in die NML Kommissie geniet, het ons genoodsaak om 'n paar punte te beklemtoon:

1. Dis baie belangrik om te onthou dat die NML-Kommissie nie 'n onderhandelingsforum is nie. Daar word nie 'n aanbod om loonverhoging gemaak waaroor daar onderhandel kan word, en wat dan in die openbare diskoers verwerp kan word nie. Aanpassings aan die NML kan slegs geskied waar deeglike navorsing wys dat dit nie indiensneming sal beskadig en ook nie onstabiliteit in kwesbare sektore (soos landbou) sal veroorsaak nie. Die aanbeveling vir aanpassing is **3.8%, nie 5%** soos verkeerdelik berig nie. Verder sal die 90% vergunning vir landbou nie mee weggedoen word totdat daar deeglike navorsing beskikbaar is wat bewys dat dit nie die sektor skade sal berokken nie.
2. 'n Aanbeveling om aanpassing sou logies gesproke in die eerste jaar 'n kompromis moes wees gegewe die feit dat al die inligting wat die impak van die NML omskryf, nog nie beskikbaar is nie.
3. Dis uiters teleurstellend dat vakbonde die werk van die NML, asook die posisie van die NML kommissaris se op hierdie wyse sou wou destabiliseer. Lees gerus die berig hier: <https://www.fin24.com/Economy/nedlac-slams-proposed-5-increase-to-national-minimum-wage-20200128> (gedeeltelik reggestel, Nedlac het geen uitspraak gelewer nie, dis slegs die vakbonde self. Daar is vanoggend met News24 kontak gemaak om hierdie inligting reg te stel en die 3.8% versus 5% behoort ook vandag reggestel te word.)
4. Laastens, wettige staking oor 'n NML-aanpassing is nie moontlik nie, en die NML-wet maak ook nie vir 'n geskilprosedure voorsiening nie. Aanpassings aan die NML is die prerogatief van die minister, met deeglike aanbeveling van die NML-Kommissie.”

2020 STREEKVERGADERINGS

Voorlopige datums vir die 2020 streekvergaderings word hieronder aangedui. Finale bevestiging van datums en detail van die vergaderplekke sal nader aan die tyd bevestig word. Die streekvergaderings is 'n geleentheid waar lede bedryfswessies kan bespreek. U word aangespoor om die vergaderings by te woon en indien u enige spesifieke agendapunt wil bespreek kan u ons laat weet.

Maart 2020 streekvergaderings

Limpopo	Maandag, 02 Maart
Mpumalanga	Woensdag, 04 Maart
KZN	Vrydag, 06 Maart
Weskaap	Maandag, 09 Maart
Gauteng/Noordwes	Woensdag, 11 Maart
Suid & Oos-Kaap	Maandag, 16 Maart

September 2020 streekvergaderings

KZN	Maandag, 31 Augustus
Gauteng/Noordwes	Woensdag, 02 September
Suid & Oos-Kaap	Vrydag, 04 September
Limpopo	Maandag, 07 September
Weskaap	Vrydag, 11 September
Mpumalanga	Maandag, 14 September

Vergaderings begin normaalweg 10:00 vm. Koffie/tee en iets lig te ete sal vooraf beskikbaar wees, en middagete word na afloop bedien gewoonlik tussen rondom 12:30 tot 13:00. Sodra die finale inligting rondom die vergaderings beskikbaar word moet u asb. by Judy RSVP vir bywoning van vergadering asook middagete. Kontak haar by 011 974 1061/ admin@sawpa.co.za

IRG51 BLED, SLOVENIA – 7 TOT 11 JUNIE 2020



Die 51^{STE} jaarlikse konferensie van die “ International Research Group on Wood Protection” word in Slowenië aangebied, in die pragtige dorp Bled wat langs die Bledmeer geleë is. Die konferensie vind plaas vanaf 07 tot 11 Junie 2020. Meer inligting oor die konferensie is beskikbaar by <https://www.irg51.si>

NUUSBROKKIES

- Ons vertrou dat u al teen die tyd die 2020 kalenders ontvang het. Indien nie kan u uitkyk daarvoor by u poskantoor. Indien lede dalk 'n addisionele afskrif wil hê, kan u vir Judy kontak by admin@sawpa.co.za
- Lede word versoek om asb u inligting op ons webtuiste <https://www.sawpa.co.za> te verifieer en ons te laat weet indien enige verandering en/of byvoegings nodig is. Behandelingslede sal merk dat daar streeklyste is waarop alle lede se inligting gegee word, en as u afbeweeg op die blad sal u meer inligting, insluitende kentekens, produkte ens. sien. Hier word slegs inligting geplaas op versoek van lede. Lede wat nie hier gelys is nie, maar graag hul inligting wil lys, kan die inligting deurstuur na admin@sawpa.co.za sodat dit bygevoeg kan word.
- Die jaarlikse kalenders word goed ontvang deur die bedryf asook deur argitekte, ingenieurs, koöperasies ens. Dit word egter 'n uitdaging om jaarliks geskikte foto's te kry wat die gebruik van behandelde hout uitbeeld. Enige bydraes van hoë resolusie foto's sal waardeur word vir gebruik in toekomstige kalenders, en erkenning sal op die gegewe kalender ontvang gegee word aan die wat die foto's verskaf het.

Groete

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrieff gemaak is nie.

SAWPA, PO Box 686, Isando 1600

Tel: 011 974 1061 Website: www.sawpa.co.za Email: admin@sawpa.co.za